# *GAWETOETS*

***Geniet die avontuur om jou gawes te ontdek!***

1. **Lees elke vraag op die volgende 3 bladsye aandagtig deur en reageer dan** spontaan **deur die vraag volgens die volgende skaal te evalueer:**

| | |
|---|---|
| **3 =** | **Omtrent altyd / Beslis waar** |
| **2 =** | **Meestal / Gewoonlik waar** |
| **1 =** | **Somtyds / Nou en dan** |
| **0 =** | **Nooit / Beslis nie** |

2. **Vul die evaluasie (0-3) in die ooreenstemmende blokkie in.**
3. **Belangrik: beantwoord na gelang van wie jy** werklik is **- nie wie jy graag wil wees of behoort te wees nie. Spontane eerlikheid deur 'n** opregte gesindheid **is die sleutel hiervoor.**

## *Vraelys: "Ontdek jou Gawes"*

| | | 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Ek geniet dit om mense, take en projekte te organiseer en te reël. | | | | |
| 2. | Ek sal van die uitdaging hou om kerke te begin waar daar nog nie kerke bestaan nie. | | | | |
| 3. | Ek geniet dit om kreatief te werk met materiale soos hout, papier, verf, glas, metaal, ens. | | | | |
| 4. | Ek daag graag mense se perspektiewe omtrent God uit deur die uitvoerende of beeldende kunste. | | | | |
| 5. | Ek onderskei geredelik en spontaan tussen goed en kwaad, waarheid en valsheid. | | | | |
| 6. | Ek is geneig om die potensiaal in mense raak te sien alvorens ek die tekortkominge sien. | | | | |
| 7. | As ek met mense oor die evangelie gesels, doen ek dit met oortuiging, duidelikheid en effektiwiteit. | | | | |
| 8. | Ek vind dit normaal en gemaklik om God ten volle met my gebede te vertrou. | | | | |
| 9. | Ek gee met vrymoedigheid en soms in oorvloed aan mense in nood, of aan projekte wat dit benodig. | | | | |
| 10. | Dit gee my diepe vervulling om agter die skerms te help om ander se bedieninge te ondersteun. | | | | |

| | | 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|---|
| 11. | Ek sien my huis as ‘n plek waar ek mense met behoefte kan ontvang en hul kan bedien. | | | | |
| 12. | Ek neem gereeld gebedsversoeke van ander en maak dan erns daarmee. | | | | |
| 13. | Mense is geneig om my te nader om my siening te hoor aangaande dieper betekenis en waarhede in die Bybel. | | | | |
| 14. | Ek het die vermoë om mense te motiveer om ‘n doel te bereik. | | | | |
| 15. | Ek het empatie met mense in pyn of nood en wil graag betrokke wees in hul herstel en genesing. | | | | |
| 16. | Ek kan myself so uitdruk dat dit lei tot oortuiging en verandering in mense se lewens. | | | | |
| 17. | Ek vind behae daarin om tyd te spandeer om mense te versorg. | | | | |
| 18. | Ek kan God se woord met impak oordra. | | | | |
| 19. | Ek word dikwels deur ander genader vir raad oor geestelike of persoonlike sake. | | | | |
| 20. | Ek is deeglik, presies en stiptelik in die bestuur van sake. | | | | |
| 21. | Die idee om in ‘n ander land of onder ‘n ander kultuurgroep te dien maak my opgewonde. | | | | |
| 22. | Ek is vaardig in die gebruik van gereedskap. | | | | |
| 23. | Dis vir my ‘n uitdaging om my kunstige vaardighede te ontwikkel (dans, drama, sang, kuns, ens.) | | | | |
| 24. | Ek is dikwels reg wanneer ek mense se karakter met die eerste oogopslag peil. | | | | |
| 25. | Ek geniet die vermoë om mense wat depressief en mismoedig is op te beur en te ondersteun. | | | | |
| 26. | Ek soek graag geleenthede om vriendskappe te bou met nie-Christene. | | | | |
| 27. | Ek het volle vertroue in God se volgehoue voorsiening, selfs in tye wat dit swaar gaan en uitkoms nie sigbaar is nie. | | | | |
| 28. | Ek gee meer as net my tiende gereeld vir die kerk - omdat ek wil. | | | | |
| 29. | Ek geniet alledaagse roetine take vir die kerk. | | | | |
| 30. | Ek reik maklik uit na nuwe mense en laat hulle welkom en tuis voel. | | | | |
| 31. | Dit is nie vir my ‘n inspanning om vir ‘n uur of meer aaneen gefokus te bid nie. | | | | |
| 32. | Ek ontvang soms insig deur die Gees wat ek nie op ‘n “normale” wyse verkry het nie. | | | | |
| | | | | | |

| | | 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|---|
| 33. | Ek het die vermoë om ander te beïnvloed om dieselfde visie te deel. | | | | |
| 34. | Met groot geduld kan ek mense deur pynlike situasies bystaan, en hul help om weer hul voete te vind. | | | | |
| 35. | Ek voel dit my plig om mense met die waarheid te konfronteer. | | | | |
| 36. | Ek het meegevoel vir gelowiges wat afdwaal en wil hul weer nadertrek. | | | | |
| 37. | Dis vir my aangenaam om baie tyd in studie te spandeer met die wete dat die kennis wat ek opdoen ander tot waarheid en insig sal kan bring. | | | | |
| 38. | Ek is dikwels die een wat met eenvoudige en praktiese oplossings na vore kom waar ander hulle in verwarring en konflik rondom ‘n probleem ondervind. | | | | |
| 39. | Ek kan doelwitte duidelik visualiseer en maklik planne saamstel om dit te bereik. | | | | |
| 40. | Ek is bereid om aktief deel te hê aan die vestiging van nuwe kerke. | | | | |
| 41. | Ek is handvaardig - ek sou dit meer wou aanwend. | | | | |
| 42. | Ek voel geroepe om met my talente in die kunste (van watter aard ookal) aan die koninkryk te help bou. | | | | |
| 43. | Ek sien deur valsheid voordat dit openlik na vore kom. | | | | |
| 44. | Mense het al vir my gesê dat ek ‘n ligstraal van hoop en bemoediging is. | | | | |
| 45. | Ek kan ‘n boodskap uit die evangelie oordra met voorbeelde in vandag se lewe, dat dit vir iemand in ‘n spesifieke situasie duidelik sin maak en hulle op die waarheid reageer. | | | | |
| 46. | Ek glo vas dat God groter planne met my lewe het - en daarmee besig is. | | | | |
| 47. | Ek bestuur my geldsake goed - en kan daarom ook gee sonder kommer. | | | | |
| 48. | Ek is die een wat altyd vir enige taak by die kerk instem - al is dit nie eers “in my lyn nie”. | | | | |
| 49. | Ek glo werklik dat die Here mense oor my pad stuur sodat ek in hul lewe kan bydra tot geestelike groei. | | | | |
| 50. | Dit is vir belangrik om mense gereeld in gebed aan die Here op te dra - ek glo dat dit ‘n verskil maak. | | | | |
| 51. | Intense Bybelstudie is vir my baie lekker - en ek lees graag ook ander geestelike boeke tot aanvulling daarvan. | | | | |

| | | 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|---|
| 52. | Ek kan my manier van dinge doen maklik verander om die beste in ander na vore te bring. | | | | |
| 53. | Daar is mense in die samelewing wat “verby ’n punt van hulp” is. Ek wil sulkes help. | | | | |
| 54. | Daar waar kulturele neigings, leringe of gewoontes die Bybelse waardes teengaan, staan ek driftig op vir dit waarin ek glo. | | | | |
| 55. | Ek sou graag ‘n persoon in totaliteit wou begelei: verhoudingsgewys, emosioneel, geestelik, ens. | | | | |
| 56. | Ek gee fyn aandag aan elke woord, begrip en uitleg van mense wat onderrig gee. | | | | |
| 57. | Waar daar verskeie moontlikhede is, sien ek gou die beste uitweg raak. | | | | |
| 58. | Ek het die vermoë om gou te sien watter hulpmiddele vir ‘n sekere taak nodig gaan wees. | | | | |
| 59. | Ek pas vinnig en maklik aan binne vreemde kulture en omgewings. | | | | |
| 60. | Ek kan ‘n eindresutaat visualiseer voordat ek dit bou. | | | | |
| 61. | Dis vir my ‘n uitdaging om altyd nuwe en vars maniere te kry om God se boodskap oor te dra. | | | | |
| 62. | Ek is geneig om reg en verkeerd in situasies raak te sien. | | | | |
| 63. | Ek moedig mense aan wat geloofstappe moet maak in hul lewe. | | | | |
| 64. | Ek het al mense tot bekering gelei. | | | | |
| 65. | Ek vertrou God in omstandighede waar sukses nie net deur menslike ywer en inset gewaarborg kan word nie. | | | | |
| 66. | Dit sal my nie pla om my lewenstandaard te verlaag nie. | | | | |
| 67. | Praktiese take het ook vir my geestelike waarde. | | | | |
| 68. | By my voel mense veilig en rustig. | | | | |
| 69. | Ek bid met afwagting want ek weet God reageer op gebede. | | | | |
| 70. | As iets waar is weet ek dit eenvoudig - so ook as dit vals is. | | | | |
| 71. | Mense volg my spontaan as ek leiding neem. | | | | |
| 72. | Ek huil maklik oor ander se nood of pyn. | | | | |
| 73. | Iets is nie net bloot vir my verkeerd nie - dit moet reggestel word ook! | | | | |
| 74. | Ek het intieme vriendskappe wat al etlike jare of selfs dekades lank duur. | | | | |
| 75. | Ek lees my Bybel sistematies en nie net bloot as ‘n verhaal of gebeure nie. | | | | |
| | | | | | |

| | | 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|---|
| 76. | Ek kan ‘n groep of ‘n persoon se reaksie korrek vooruitsien binne sekere omstandighede. | | | | |
| 77. | Organiseer is my kos. | | | | |
| 78. | Vreemde rasse of kulture bedreig my nie. Ek kan maklik met hulle saamwerk. | | | | |
| 79. | As ek skep met my handewerk, doen ek dit graag tot God se eer. | | | | |
| 80. | Kuns is vir my meer as ‘n talent, dis vir my ‘n opdrag om te gebruik tot opbou van Sy Koninkryk. | | | | |
| 81. | Ek kry terugvoer dat my sieninge of insig in die kol was. | | | | |
| 82. | Ek versterk graag mense wie ‘n “afdag” in die geloof het. | | | | |
| 83. | Ek vertel openlik vir mense dat ek ‘n Christen is, en hou daarvan as hulle my uitvra daaroor. | | | | |
| 84. | Ek ervaar daagliks God se teenwoordigheid in my lewe. | | | | |
| 85. | Dis vir my goed om te weet dat my finansiele ondersteuning ‘n verskil in bedieninge maak. | | | | |
| 86. | As ek iets sien wat gedoen moet word, doen ek dit sonder dat ek gevra word. | | | | |
| 87. | Ek is dol daaroor om mense tuis te onthaal. | | | | |
| 88. | As ek van swaarkry hoor, voel ek verplig om daaroor te bid. | | | | |
| 89. | Ek het al iets persoonlik oor iemand geweet sonder dat enige iemand my vertel het. | | | | |
| 90. | My ywer spoor mense aan om beter te presteer. | | | | |
| 91. | Ek kyk iemand se tekortkominge en foute mis en sien die mens raak wie Christus lief het. | | | | |
| 92. | Ek hou van mense wat reguit en eerlik is en die waarheid prontuit praat. | | | | |
| 93. | Ek gee graag leiding aan ‘n klein groepie mense, maar nie so maklik aan groot groepe nie. | | | | |
| 94. | Die manier waarop ek oor die Bybel praat, lei daartoe dat mense dit bestudeer en nalees daaroor. Ek wakker leergierigheid by hulle aan. | | | | |
| 95. | My praktiese raad help mense dikwels deur ingewikkelde situasies. | | | | |
| 96. | Ek wil altyd meer weet omtrent hoe organisasies en strukture werk. | | | | |
| 97. | Ek pak graag nuwe dinge aan - al het niemand nog ooit so iets gedoen nie. | | | | |
| 98. | Mense druk maklik op my knoppie vir my handvaardigheid. | | | | |

| | | 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|---|
| 99. | Ek is kreatief en verbeeldingryk. | | | | |
| 100. | Ek aanvaar nie enige preek of lering net omdat dit uit die Skrif of vanaf ‘n geleerde kom nie. Ek ondersoek dit altyd deeglik in ‘n gees van waarheid. | | | | |
| 101. | Dis vir my belangrik om te sien dat mense verder gaan as net bekering. Ek wil hulle help om geestelik ook te groei. | | | | |
| 102. | Ek getuig openlik en met oortuiging oor dit wat die Here in my lewe doen. | | | | |
| 103. | Ek daag mense gereeld uit tot groter vertroue in God se voorsiening en beskerming. | | | | |
| 104. | Dit is ‘n sentrale pilaar van my geloof om ruim te gee vir die werk van die Here. | | | | |
| 105. | Dis vir my gemaklik om ‘n hulp te wees vir ander met die visie. | | | | |
| 106. | Ek sal uit my pad gaan om mense te laat voel dat hulle tuis is. | | | | |
| 107. | Dis vir my ‘n voorreg as iemand my vra om vir hulle te bid. | | | | |
| 108. | Om Bybelstudie te doen is vir my soos ‘n ontdekkingsreis. Ek kry nie genoeg daarvan nie en wil altyd net meer weet. | | | | |
| 109. | Ek kan ‘n visie so uitspel dat ander deel daarvan wil wees. | | | | |
| 110. | Dit gee my vreugde om die geluk en dankbaarheid op armes se gesigte te sien as mens hulle bystaan in hul ellende. | | | | |
| 111. | Ek sal Bybelse waarhede verkondig - selfs in plekke waar dit ongewild is of waar ek verwerp of uitgestoot sal word daarvoor. | | | | |
| 112. | Ek het die vermoë om sagkens met mense te werk wat sinies is oor die Here, en hulle so op sensitiewe wyse terug te laat keer na die waarheid. | | | | |
| 113. | Ek kan ingewikkelde leringsbegrippe oordra op so ‘n wyse dat dit duidelik en prakties vir mense sin maak. | | | | |
| 114. | Ek het die vermoë om Bybelse waardes en waarhede aan daaglikse gebeure te koppel in so ‘n mate dat mense daarmee assosieer. | | | | |
| 115. | Ek kan ‘n projek in geheel visualiseer, potensiële probleme vooruitsien en alternatiewe planne in plek sit. | | | | |
| 116. | Ek het die vermoë om verskeie kerkbedieninge te koordineer. | | | | |
| 117. | Ek ontspan graag deur konstruktief besig te wees met handewerk. | | | | |
| 118. | Ek het dikwels nodig om alleen te wees om op my kreatiewe sy te fokus. | | | | |
| | | | | | |

| | | 0 | 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|---|---|---|
| 119. | Demoniese magte en hul werkinge is ‘n realiteit wat ek kan aanvoel en uitken. | | | | |
| 120. | Ek kan mense vermaan en selfs bestraf as dit nodig is vir hul geestelike groei of herlewing. | | | | |
| 121. | As ek nuwe mense ontmoet vind ek dat ek spontaan oor my of oor hulle geestelike lewe sal begin gesels. | | | | |
| 122. | Al kry ek min steun of aanmoediging kan ek met ywer en selfversekerdheid voortgaan met ‘n saak as ek weet dis binne die wil van die Here. | | | | |
| 123. | Ek glo dat as die Here my materieel seën, is dit sodat ek ander materieel kan seën. | | | | |
| 124. | Ek bied graag my kundigheid aan om te help sonder dat ek wil oorneem of lei. | | | | |
| 125. | Vreemde mense sal my dikwels opsoek binne ‘n groep bekendes. Ek straal daardie warmte uit. | | | | |
| 126. | Ek het dikwels al spesifiek gebid en dan spesifiek die antwoord op die gebede gesien of ervaar. | | | | |
| 127. | Ek glo my kennis is tot aanvulling en opbou van ander en nie bloot om myself te verryk of te vervul nie. | | | | |
| 128. | Ek kan sien as iemand verward of onseker voorkom, en bied dan maklik my hulp en leiding aan. | | | | |
| 129. | Ek lê soms wakker oor ander se nood. Dan staan ek op en doen iets daaraan. | | | | |
| 130. | Dis vir my belangrik dat sonde ontbloot moet word en dat daar berou daaroor moet wees. | | | | |
| 131. | Geloofsgroei is vir my ‘n langsame pad wat ek maklik en geduldig saam met ander stap. | | | | |
| 132. | Ek verduidelik graag begrippe of sake aan mense. Ek wil hê hulle moet presies verstaan waaroor dit gaan. | | | | |
| 133. | Ek sien ‘n oplossing voordat die probleem eers werklik uitstaan. | | | | |

# *GAWETOETS – Die Resultaat*

Dra vraag 1 – 133 se punte oor op die telkaart hieronder. Tel kolomme A – S se totale op en skryf die letters met die hoogste telling van 1 – 5 in die volgende kolom neer. Bepaal en skryf dan jou mees waarskynlike gawes neer, soos bepaal vanuit die Gawetoets en volgens die Sleutelkaart op die volgende bladsy.

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | 32 | 33 | 34 | 35 | 36 | 37 | 38 |
| 39 | 40 | 41 | 42 | 43 | 44 | 45 | 46 | 47 | 48 | 49 | 50 | 51 | 52 | 53 | 54 | 55 | 56 | 57 |
| 58 | 59 | 60 | 61 | 62 | 63 | 64 | 65 | 66 | 67 | 68 | 69 | 70 | 71 | 72 | 73 | 74 | 75 | 76 |
| 77 | 78 | 79 | 80 | 81 | 82 | 83 | 84 | 85 | 86 | 87 | 88 | 89 | 90 | 91 | 92 | 93 | 94 | 95 |
| 96 | 97 | 98 | 99 | 100 | 101 | 102 | 103 | 104 | 105 | 106 | 107 | 108 | 109 | 110 | 111 | 112 | 113 | 114 |
| 115 | 116 | 117 | 118 | 119 | 120 | 121 | 122 | 123 | 124 | 125 | 126 | 127 | 128 | 129 | 130 | 131 | 132 | 133 |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| **A** | **B** | **C** | **D** | **E** | **F** | **G** | **H** | **I** | **J** | **K** | **L** | **M** | **N** | **O** | **P** | **Q** | **R** | **S** |

| **Hoogste telling – gawes** |
|---|
| **1.** |
| **2.** |
| **3.** |
| **4.** |
| **5.** |

**Hoogste telling - Gawes**

Dit is die gawes wat jy gereeld gebruik en wat tot ‘n sekere mate reeds bevestig is. Dit is hoogs waarskynlik dat jou werklike gawes in hierdie area lê. Voordat jy bedieningstake in die gemeente / gemeenskap aanvaar, moet jy seker maak dat dit met hierdie gawes ooreenstem.

**Bevestiging van Gawes**

‘n Vraelys is ‘n handige instrument om jou ‘n aanduiding te gee van die waarskynlike gawes wat God aan jou gegee het. Dis egter nie die finale bevestiging van jou gawes nie! Bevestiging geskied in die praktyk deur die aanwending van jou gawes in die gemeente.

## SLEUTELKAART

| | | |
|---|---|---|
| A | = | ORGANISASIE (ADMINISTRASIE) |
| B | = | APOSTELSKAP |
| C | = | HANDVAARDIGHEID (VAKMANSKAP) |
| D | = | KREATIEWE KOMMUNIKASIE |
| E | = | ONDERSKEIDING |
| F | = | BEMOEDIGING |
| G | = | EVANGELISASIE |
| H | = | GELOOF |
| I | = | VRYGEWIGHEID |
| J | = | HULPVAARDIGHEID (DIENS) |
| K | = | GASVRYHEID |
| L | = | VOORBIDDING (INTERSESSIE) |
| M | = | KENNIS |
| N | = | LEIERSKAP |
| O | = | BARMHARTIGHEID (MEEGEVOEL) |
| P | = | PROFESIE |
| Q | = | HERDERSKAP |
| R | = | ONDERRIG (LERING) |
| S | = | WYSHEID |

***Genesing, Interpretasie, Wonderwerke*** *en* ***Spreek-in-tale*** *is nie by die Bepalingsvraelys vir Gawes ingesluit nie, omdat die teenwoordigheid daarvan in die gelowige se lewe gewoonlik duidelik sigbaar is. Waar dit by jou bevestigend voorkom, moet jy dit aandui as een van jou Godgegewe gawes.*

# BESPREKING VAN GAWES



## Organisasie/Administrasie

**Letterlike betekenis**:  Om 'n skip te stuur.
**Beskrywing**:  Die gawe van organisasie is die vermoë wat die Here jou gee om te verstaan wat dit is wat 'n organisasie laat funksioneer, en die spesiale vermoë om prosedures te beplan en uit te voer ten einde die doelwitte van die bediening te bereik.
**Kenmerke**:  Mense met hierdie gawe:

- Ontwikkel strategieë of planne ten einde doelwitte te bereik.
- Help bedieninge om meer effektief en doeltreffend te wees.
- Skep orde uit organisatoriese chaos.
- Organiseer, bestuur en/of koördineer 'n verskeidenheid van verantwoordelikhede ten einde 'n taak te voltooi bv in uitreike, aksies, die kantoor, omgeegroep.
- Organiseer mense, take en geleenthede.

**Karaktereienskappe**:  Deeglik, objektief, verantwoordelik, georganiseerd, doelgerig, effektief, pligsgetrou.
**Waarskuwings**:  Mense met hierdie gawe:

- Moet bereid wees om hulle planne te verander sodat dit nie in stryd is met die organisasie se visie nie.
- Omdat hulle taak-gerig is, kan hulle ander mense gebruik om doelwitte te bereik sonder dat hulle besorgd is oor groei in die proses.
- Kan dalk nie sien hoe God se plan uitgevoer word in die proses van doelwitbereiking nie.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- ORDE
- STRUKTUUR
- MAAK DINGE GEBEUR
- STELSELS EN RENTMEESTERSKAP

**Skrifverwysings:**  1 Kor 12:28;  Hand 6:1-7;  Eks 18:13-26.



# *Apostelskap*

**Letterlike betekenis:** Om met 'n mandaat gestuur te word.

**Beskrywing**: Die gawe van apostelskap is die vermoë om 'n nuwe projek te begin en die vermoë om ander in te span wat kan help, bv. om 'n nuwe gemeente te begin of om 'n nuwe bediening te ontwikkel en om dit te bestuur.

Alhoewel die amp van apostel, wat deur Christus se dissipels beklee is, nie meer bestaan nie, bestaan die 'rol' van apostel nog wel en kom dit tot uitvoering deur die gawe van apostelskap.

**Kenmerke**: Diegene met hierdie gawe:

- Stig nuwe kerke of bedieningstrukture.
- Pas aan by verskillende omgewings en is bewus van en sensitief vir kultuurverskille.
- Het die begeerte om ongeredde mense in ander gemeenskappe en lande te bereik.
- Is gesaghebbend en het 'n visie vir die kerk.

**Karaktereienskappe**: Avontuurlustig, entrepeneur, volhardend, aanpasbaar, kultureel sensitief, neem risiko's, word deur 'n doel gedryf.

**Waarskuwings**: Indien jy hierdie gawe het moet jy:

- Bewus wees daarvan dat indien jy jou outoriteit misbruik, jy ander se geesdrif kan blus.
- Deur die kerk bevestig en uitgestuur word.
- Bewus wees dat jy pessimisties en veeleisend kan wees.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- NUWE KERKE EN BEDIENINGE
- NUWE STRUKTURE
- NUWE GELEENTHEDE VIR DIENS

**Skrifverwysings:** 1 Kor 12:28-29; Ef 4:11-12; Rom 1:5; Hand 13:2-3.



## *Handvaardigheid / Vakmanskap*

**Letterlike betekenis**: Om te ontwerp, te bou en handwerk te doen.
**Beskrywing**: Die gawe van vakmanskap of handvaardigheid is die vermoë om dinge te ontwerp en/of te bou wat in bedieninge gebruik kan word.
**Kenmerke**: Mense met hierdie gawe:

- Werk met hout, materiaal, metaal, glas, papier, blomme en ander rou materiale.
- Maak dinge wat die effektiwiteit van ander bedieninge bevorder.
- Geniet dit om met hul hande te werk en aan tasbare behoeftes te voldoen.
- Werk met verskeie stukke gereedskap en is handvaardig.

**Karaktereienskappe**: Kreatief, ontwerpe, handig, vindingryk, prakties, werker agter die skerms, behulpsaam.
**Waarskuwings**: Mense met hierdie gawe:

- Kan dalk voel dat hulle gawe nie belangrik is nie en nie eintlik 'n bydrae maak tot die liggaam van Christus nie.
- Kan mense gebruik om goed gedoen te kry, eerder as om hulle te help om te groei in die proses.
- Koet onthou dat die goed wat hulle produseer die middel tot 'n doel is en nie die **doel** self nie.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- PRAKTIESE HULP
- HULPMIDDELE
- BYSTAND IN PRAKTYK VAN ARBEID

**Skrifverwysings:** Eks 31:3; 35:31-35; Hand 9:36-39; 2 Kon 22:5-6.



## *Kreatiewe Kommunikasie*

**Letterlike betekenis**: Om kunsryk te kommunikeer.

**Beskrywing**: Die gawe van kunsryke kommunikasie is die vermoë om God se waarhede deur 'n verskeidenheid van kunsvorme te kommunikeer.

**Kenmerke**: Mense met hierdie gawe:

- Gebruik die kunste om God se waarhede te kommunikeer.
- Ontwikkel en gebruik hul artistieke bekwaamhede soos drama, skryfkuns, kuns, musiek, ens.
- Gebruik verskeidenheid en kreatiwiteit om mense te boei en hulle te laat nadink oor Christus se boodskap.
- Daag mense se perspektief van God uit deur verskeie kunsvorme.
- Demonstreer vars idees waardeer God se boodskap en bediening verkondig kan word.

**Karaktereienskappe**: Ekspressief, verbeeldingryk, idee georiënteerd, kunstig, kreatief, onkonvensioneel, sensitief.

**Waarskuwings**: Mense met hierdie gawe:

- Moet onthou dat die kuns daar is om God te verheerlik en ander op te bou en dat dit nie oor die kuns self of oor 'n vertoning gaan nie.
- Sukkel soms om konstruktiewe kritiek of evaluasie te aanvaar.
- Mag dalk nie samewerking gee nie (as gevolg van ego, hoogmoed of individualisme) en moet daaraan werk om 'n goeie spanwerker te wees.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- KREATIEWE UITLEEF VAN DIE EVANGELIE
- SKEPPENDE HANDELINGE
- GEE 'KLEUR' AAN ELKE BEDIENING

**Skrifverwysings:** Ps 150:3-5; 2 Sam 6:14-15; Mark 4:2,33.



## *Onderskeiding*

**Letterlike betekenis**: Om dinge te skei of om 'n onderskeid te tref.

**Beskrywing**: Die gawe van onderskeiding is die vermoë om tussen waarheid en leuen te onderskei asook tussen belangrik en onbelangrik, iets wat van God af kom en sake wat jou geestelike lewe kan skade aandoen. Dit kan tussen geeste onderskei, en ook tussen goed en kwaad, reg en verkeerd.

**Kenmerke**: Mense met hierdie gawe:

- Onderskei tussen waarheid en leuen, reg en verkeerd, suiwer en kwaadwillige motiewe.
- Identifiseer misleiding in ander mense met akkuraatheid en op gepaste wyse.
- Kan bepaal of 'n woord wat aan God toegeskryf word die waarheid is.
- Herken teenstrydighede in onderrig, profetiese boodskappe of interpretasies.
- Kan die teenwoordigheid van die bose aanvoel.

**Karaktereienskappe**: Waarnemend, insigryk, sensitief, intuïsie, beslissend, uitdagend, getrou.

**Waarskuwings**: Mense met hierdie gawe:

- Mag sukkel om hulle waarnemings, gevoelens en insigte uit te druk.
- Kan soms ongevoelig wees wanneer hulle ander konfronteer in plaas daarvan om die waarheid in liefde te praat.
- Behoort hulle aanvoeling te bevestig voordat hulle praat.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- WYS DWALING UIT
- LEER SUIWERHEID
- ONDERSKEI DIE VYAND
- FUNKSIONEER IN KOMBINASIE MET ANDER GAWES BV PROFESIE, BERADING, LERING

**Skrifverwysings:** 1 Kor 12:10; Hand 5:1-4; Mat 16:21-23



## ***Bemoediging / Berading***

**Letterlike betekenis**:  Om iemand te ondersteun.
**Beskrywing**:  Dit is die vermoë om die waarheid so aan te bied dat dit diegene wat in hul geloof wankel of mismoedig voel versterk, vertroos en oorreed om tot aksie oor te gaan.
**Kenmerke**:  Diegene met hierdie gawe:

- Versterk en ondersteun graag mense wat mismoedig is.
- Vertroos of konfronteer ander om op God te hoop en op Sy beloftes te vertrou.
- Oorreed ander om tot aksie oor te gaan deur Bybelse waarhede toe te pas, motiveer hulle en help hulle om te groei.
- Stap ‘n kort-of mediumtermynpad met mense om hul perspektief te gee op wroeging en trauma.

**Karaktereienskappe**:  Onderskeidend, motiverend, konfronterend, bevestigend, wys, onderskragend, betroubaar.
**Waarskuwings**:  Indien jy hierdie gawe het moet jy:

- Daarteen waak om soms te simplisties, ooroptimisties of vleiend te wees.
- Sensitief wees vir die situasies waarin mense hulself bevind en probeer uitvind wat hul regtig nodig het.
- Nie net positiewe dinge vir mense te sê nie, want soms het mense juis konfrontasie nodig.
- Waak daarteen om nie jouself so met ander mense se probleme te oorlaai dat jy jou eie groei begin afskeep nie.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- MOED en HOOP
- OPBOU, GROEI en HERSTEL

**Skrifverwysings:**  Rom 12:8;  Hand 11:22-24;  Hand 15:30-32;  Joh 4:1-42;
Hand 14:21-22;  2 Kor 1:3-7;  1 Tess 5:14;  1 Tim 5:1,2.



## *Evangelisasie*

**Letterlike betekenis**: Om die goeie nuus te bring.
**Beskrywing**: Dit is die vermoë om die Evangelie aan ongelowiges so aan te bied dat hulle Jesus in geloof aanneem.
**Kenmerke**: Diegene met hierdie gawe:

- Kommunikeer die boodskap van Christus met sekerheid en oortuiging.
- Soek na geleenthede om met ongelowiges oor geestelike sake te praat.
- Daag ongelowiges om tot geloof te kom en navolgers van Christus te word.
- Kan hul aanbieding so wysig dat dit die individu se behoeftes aanspreek.
- Soek na geleenthede om verhoudinge met ongelowiges aan te knoop.

**Karaktereienskappe**: Opreg/eerlik, openhartig, agtens- waardig, invloedryk, geestelik, selfversekerd, doelgerig.
**Waarskuwings**: Indien jy hierdie gawe het moet jy:

- Onthou dat die Heilige Gees en nie skuldgevoelens nie, die motiveerder moet wees in ‘n persoon se keuse vir Christus.
- Nie te krities teenoor ander wees nie, deur te onthou dat ons almal getuies moet wees maar nie noodwendig evangeliste is nie.
- Versigtig luister na die persoon wat jy evangeliseer aangesien dieselfde benadering nie op almal van toepassing is nie.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- BREI DIE KONINKRYK VAN GOD UIT.
- UITBREIDING VAN DIE GEMEENTE

**Skrifverwysings:** Ef 4:11; Hand 8:26-40; Luk 19:1-10.




## *Geloof*

**Letterlike betekenis**:  Om te vertrou, om selfvertroue te hê, om te glo.
**Beskrywing**:  Die gawe van geloof is die vermoë om op God se beloftes te reageer met vertroue en onwankelbare geloof in God se vermoë om Sy beloftes te vervul.
**Kenmerke**:  Mense met hierdie gawe:

- Glo in God se beloftes en spoor ander mense aan om dieselfde te doen.
- Ondersteun ander wat begin twyfel en moed wil opgee
- Se optrede getuig van vertroue in God om enige struikelblok te oorkom.
- Demonstreer vertroue in God se wil en beloftes.
- Bevorder Christus se saak omdat hulle voortgaan wanneer ander agterbly.
- Vra vir God vir dit wat nodig is en vertrou dat Hy sal voorsien.

**Karaktereienskappe**: Biddend, optimisties, betroubaar, selfversekerd, positief, inspirerend, hoopvol.
**Waarskuwings**:  Mense met hierdie gawe:

- Behoort op hul geloof te reageer.
- Behoort te onthou dat mense wat praat en sake uitredeneer en 'n begeerte het om te beplan, nie noodwendig 'n gebrek aan geloof openbaar nie.
- Behoort na die raad van Geesvervulde en gelowige mense te luister en hul raad te oorweeg.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- ONDERSTEUNING
- BEGELEIDING
- HOOP
- VERSTERKING EN MOED

**Skrifverwysings:** 1 Kor 12:9, 13:2;  Heb 11:1;  Rom 4:18-21;  Hand 11:22-24.



## *Vrygewigheid*

**Letterlike betekenis:** Gee om te help en te dien.

**Beskrywing:** Die gawe van uitdeling is die vermoë om met vreugde en gulhartigheid geld en hulpbronne beskikbaar te stel om die Here se werk te doen. Mense met hierdie gawe vra nie: "Wat moet ek gee?" nie, maar, "Waarmee kan ek klaarkom om van te leef?"

**Kenmerke:** Diegene met hierdie gawe:

- Bestuur hulle finansiële sake so dat hulle, hulle lewensstyl so inperk dat hulle soveel as moontlik vir die liggaam van Christus kan gee.
- Ondersteun 'n bediening met opofferinge.
- Voorsien aan tasbare behoeftes wat geloofsgroei tot gevolg het.
- Stel hulpbronne beskikbaar in volle vertroue daarop dat God sal voorsien.
- Mag moontlik oor 'n spesiale vermoë beskik om geld te genereer wat hulle gebruik om God se werk te bevorder.

**Karaktereienskappe:** Rentmeesterskap, verantwoordelik, vindingryk, vrygewig, gedissiplineerd, vertrou op God.

**Waarskuwings:** Indien jy hierdie gawe het moet jy:

- Gee, nie om terug te ontvang nie.
- Moenie gee om vriendskap of guns te wen nie.
- Gee met wysheid sodat mense hul vertroue in God plaas en nie op jou nie.
- Moenie so gee dat jou eie familie skade lei nie.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- VERFRAAI/BEKLEE
- VERSTERK

**Skrifverwysings:** Rom 12:8; 2 Kor 6:8; Luk 21:1-4.



## *Diensbaarheid / Hulpvaardigheid*

**Letterlike betekenis:** Om in iemand anders se plek te staan.
**Beskrywing**: Die gawe van diens is die vermoë om praktiese en noodsaaklike take te volvoer wat ander help en ondersteun en aan ander se behoeftes voorsien. Hierdie persone dien in die agtergrond waar ookal hulpverlening nodig mag wees.
**Kenmerke**: Diegene met hierdie gawe:

- Dien agter die skerms en doen wat nodig is om sodoende ander se bediening en gawes te ondersteun en druk te verlig.
- Sien tasbare en praktiese dinge raak wat gedoen moet word en geniet dit om te help.
- Sien God se doel in elke dag se verantwoordelikhede.
- Sien die geestelike waarde van praktiese diens.
- Geniet dit om ander persone se las te verlig sodat hulle dit waarvoor God hulle geroep het kan doen.

**Karaktereienskappe**: Beskikbaar, gewillig, behulpsaam, betroubaar, lojaal, wat ookal nodig is-houding.
**Waarskuwings**: Indien jy hierdie gawe het moet jy:

- In gedagte hou dat jou gawe om praktiese dinge te doen, 'n geestelike waarde het.
- Waak daarteen om 'n 'people pleaser' te wees- sê soms 'nee'!
- Die prioriteite van jou leiers in ag neem eerder as om jou eie doelwitte en agendas te hê.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- ALGEMENE BEDIENING/ONDERSTEUNING
- PRAKTIESE VERSTERKING EN ORDE

**Skrifverwysings:** 1 Kor 12:28; Rom12:7; Hand 6:1-4; Rom16:1-2.



# *Gasvryheid*

**Letterlike betekenis**: Om vreemdes lief te hê.

**Beskrywing**: Die gawe van gasvryheid is die vermoë om vir mense te sorg deur geloofsgemeenskap, kos en blyplek te gee.

**Kenmerke**: Mense met hierdie gawe:

- Skep ’n omgewing waarbinne mense waardig voel en weet dat ander vir hulle omgee.
- Dien graag prakties deur dinge vir mense gemakliker te maak.
- Ontmoet nuwe mense en laat hulle welkom voel.
- Skep ’n veilige en gemaklike atmosfeer waarbinne verhoudinge kan ontwikkel.
- Soek na maniere waarop mense bymekaar gebring kan word om sodoende sinvolle verhoudinge te bou.
- Stel mense op hulle gemak op vreemde plekke en in ongewone omstandighede.

**Karaktereienskappe**: Vriendelik, minsaam, uitnodigend, vol vertroue, vol deernis, simpatiek, hartlik.

**Waarskuwings**: Mense met hierdie gawe:

- Moet daarteen waak dat hulle gawe nie net as ‘vermaak’ gesien word nie.
- Moet onthou om God te vra wie God wil hê hy / sy moet dien of mee vriende maak.
- Moet versigtig wees om nie spanning in hulle eie huise te bring deur gedurig vreemdes in hulle huise in te nooi nie.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- VERWELKOMING
- SOSIALE NETWERKE
- WARMTE
- TUISTE
- VERTROUE

**Skrifverwysings:** 1 Pet 4:9-10; Rom 12:13; Heb 13:1-2.



## *Voorbidding / Intersessie*

**Letterlike betekenis**: Om namens iemand anders by God te pleit.
**Beskrywing**: Die gawe van intersessie of voorbidding is die gawe om sonder ophou vir of namens iemand te bid en om spesifieke resultate op jou gebede te sien.
**Kenmerke**: Mense met hierdie gawe:

- Bid ernstig vir en namens ander mense en oor spesifieke sake.
- Is bewus van die geestelike oorlogvoering wat plaasvind en bid daaroor.
- Is daarvan oortuig dat God gebede verhoor.
- Bid soos hulle deur die Heilige Gees gelei word.
- Gebruik outoriteit en mag vir die beskerming van ander en rus hulle toe om te dien.

**Karaktereienskappe**: Voorspraak, besorgdheid, opreg, vredemaker, betroubaar, lasdraer, geestelik sensitief.
**Waarskuwings**: Mense met hierdie gawe:

- Moet besef dat hulle gawe belangrik is.
- Versigtig wees om nie gebed as ’n verskoning te gebruik om nie hulle verantwoordelikhede na te kom nie.
- Moet waak teen valsheid.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- INSIG
- TOEPASSING VAN GOD SE BELOFTES
- VOORSIENING
- BESKERMING
- AFHANKLIKHEID VAN GOD

**Skrifverwysings:** Rom 8:26-27; Joh 17:9-26; 1 Tim 2:1-2; Kol 1:9-12; 4:12-13.



## *Woord van Kennis*

**Letterlike betekenis**: Om te weet.

**Beskrywing**: Die gawe van Woord van kennis is die vermoë om die waarheid te verkondig deur 'n openbaring of Bybelse insig.

**Kenmerke**: Mense met hierdie gawe:

- Ontvang waarhede wat hulle in staat stel om die liggaam van Christus beter te dien.
- Ondersoek die Bybel vir insig, begrip en vir die waarheid.
- Het die vermoë om nuwe verbande en insigte in die Woord te ontdek
- Het 'n buitengewone insig wat die kerk dien.
- Verkry kennis wat nie deur normale waarneming of op normale wyse verkry kan word nie.

**Karaktereienskappe**: Nuuskierig, deelnemend, oplettend, insigvol, denkend, waarheidsgetrou.

**Waarskuwings**: Mense met hierdie gawe:

- Moet versigtig wees dat hulle nie hoogmoedig word nie.
- Moet altyd onthou dat dit God se boodskap is en nie hulle s'n nie.
- Moet onthou hoe meer kennis hulle verkry, hoe groter die verantwoordelikheid en pyn wat daarmee gepaard kan gaan.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- DUIDELIKHEID
- INSIG
- WAARHEID

**Skrifverwysings:** 1Kor 12:8; Mark 2:6-8; Joh 1:45-50; Hand 5:1-4.



# *Leierskap*

**Letterlike betekenis**: Om leiding te gee.

**Beskrywing**: Dit is die vermoë om visies te formuleer, te motiveer en mense so te bestuur dat hulle in harmonie God se doel bereik.

**Kenmerke**: Diegene met hierdie gawe:

- Gee rigtingwysers vir God se mense of hulle bedieninge.
- Motiveer ander om na die beste van hul vermoë te presteer.
- Skets die geheelbeeld sodat ander dit kan sien.
- Demonstreer die waardes van die bediening.
- Neem verantwoordelikheid en stel doelwitte.

**Karaktereienskappe**: Invloedryk, ywerig, taakgerig, betroubaar, oorredend/oortuigend, motiverend, doelgerig.

**Waarskuwings**: Indien jy hierdie gawe het moet jy:

- Verstaan dat geloofwaardigheid ‘n tydjie sal neem om pos te vat en dat dit krities is vir effektiewe leierskap.
- Onthou dat dienaars-leierskap die Bybelse model is, waar dienaar wees die belangrikste is.
- Onthou dat jy nie noodwendig in ‘n leiersposisie hoef te wees om jou gawe te gebruik nie.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- RIGTING
- VISIE
- VERHOUDINGE
- SPANNE
- SEKERHEID

**Skrifverwysings:** Rom 12:8; Heb 13:17; Luk 22:25-26.



## ***Barmhartigheid***

**Letterlike betekenis**: Om medelye te hê.

**Beskrywing**: Die gawe van barmhartigheid is die vermoë om op ’n blymoedige en praktiese manier mense wat swaarkry of in nood is, te help.

**Kenmerke**: Mense met hierdie gawe:

- Fokus daarop om die oorsake van die mense wat seergekry het te verlig.
- Gee aandag aan die behoeftes van hulle wat alleen en vergete is of so voel.
- Betoon liefde, welwillendheid en waardigheid aan hulle wat in krisissituasies verkeer of deur moeilike omstandighede worstel.
- Dien in moeilike omstandighede met blymoedigheid.
- Hou hulle besig met individuele of sosiale aangeleenthede wat mense onderdruk.

**Karaktereienskappe**: Besorgd, deelnemend, goedhartig, medelydend, sensitief, lasdraend

**Waarskuwings**: Mense met hierdie gawe:

- Moet versigtig wees want deur mense se pyn en seer te verlig, kan hulle God se werk in dié mense verhinder.
- Moenie voel asof hulle nie waardeer word nie omdat sommige mense nie sal wys of sê dat hulle dankbaar is nie.
- Moenie aggressief of verdedigend optree as gevolg van ander se seer nie.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- HULP
- UITREIK NA GEMEENSKAP
- MEDELYE
- SORG

**Skrifverwysings:** Rom 12:8; Mat 5:7; Mark 10:46-52; Luk 10:25-37.



# *Profesie*

**Letterlike betekenis**: Om voor mense te praat/proklameer.

**Beskrywing**: Dit is die vermoë om God se Woord vir 'n spesifieke persoon of situasie toe te pas. Dit gaan nie noodwendig oor die toekoms nie (nie toekomsvoorspelling), maar impliseer gewoonlik die toekoms (as jy gehoorsaam is aan God se woord sal dit/dat gebeur, as jy ongehoorsaam is, sal iets anders gebeur.)

**Kenmerke**: Diegene met hierdie gawe:

- Openbaar die sonde of misleiding in ander met die doel om te versoen en herstel te bring.
- Spreek 'n tydige woord van God wat lei tot skuldbesef, berou en opbou van die liggaam van Christus.
- Sien die waarheid wanneer ander dit dikwels nie raaksien nie en konfronteer dikwels.
- Waarsku oor God se onmiddellike of toekomstige veroordeling as daar geen berou is nie.
- Verstaan God se plan as gevolg van eie ondervindinge.

**Karaktereienskappe**: Onderskeiding, gebiedend, onbuigsaam, uitgesproke, gesaghebbend, ontbloot sonde, konfronterend.

**Waarskuwings**: Indien jy hierdie gawe het moet jy:

- Onthou dat aanhoorders die boodskap kan verwerp as dit nie met liefde en deernis gelewer word nie.
- Waak teen hoogmoed wat 'n moedelose gees tot gevolg kan hê, en wat jou gawe kan strem.
- Onthou dat goeie oordeel en die Skrif met elke profesie moet ooreenstem en dit moet ondersteun.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- VERMANING / WAARSKUWING
- BERADING
- WOORDVERKONDIGING
- DUIDELIKHEID
- RIGTINGWYSING

**Skrifverwysings:** Rom 12:6; 1 Kor 12:10, 28 en 13:2; 2 Pet 1:19-21.



## *Herderskap*

**Letterlike betekenis**: Om skape op te pas.

**Beskrywing**: Die vermoë om mense te versorg, om om te gee en mense te lei na geestelike volwassenheid.

**Kenmerke**: Diegene met hierdie gawe:

- Neem verantwoordelikheid om die totale mens te versorg in hul lewenswandel met God.
- Stel 'n voorbeeld en hou toesig oor 'n groep van God se mense.
- Wys deur hulle lewe en optrede wat dit beteken om 'n toegewyde volgeling van Jesus te wees.
- Bou vertroue en sekerheid deur middel van langtermyn verhoudinge.
- Lei en beskerm mense vir wie hulle verantwoordelik is.

**Karaktereienskappe**: Invloedryk, versorgend, leiding, beskermend, onderskragend, verhoudingsgerig.

**Waarskuwings**: Indien jy hierdie gawe het moet jy:

- Lidmate die liefde van God deur jou aksies laat sien.
- Die voorbeeld van Jesus as die Goeie Herder volg.
- Mense help om God se karakter te leer ken en hul vertroue in Hom te plaas.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- SORG
- DISSIPELSKAP
- EENHEID
- OMGEE

**Skrifverwysings:** Ef 4:11-12; 1 Pet 5:1-4; Joh 10:1-18.



# *Onderrig / Lering*

**Letterlike betekenis**: Om ander te leer.
**Beskrywing**: Dit is die vermoë om die Woord van God te verstaan, te verduidelik en toe te pas, sodoende by mense die begeerte te skep om meer soos Christus te wil wees.
**Kenmerke**: Diegene met hierdie gawe:

- Kommunikeer Bybelse waarhede sodat dit by mense groter gehoorsaamheid tot die Woord kweek.
- Prikkel mense met die waarhede van die Skrif op ‘n eenvoudige maar praktiese wyse.
- Gee aandag aan detail en korrektheid.
- Berei deeglik voor met baie studie en refleksie.

**Karaktereienskappe**: Gedissiplineerd, insigryk, ontvanklik en leergierig, gesaghebbende Bybelkennis, analities, geartikuleerd.
**Waarskuwings**: Indien jy hierdie gawe het moet jy:

- Waak teen hoogmoed wat mag voorkom as gevolg van kopkennis.
- Oppas om nie in te veel detail vasgeval te raak en sodoende die praktiese toepassing van die boodskap na te laat nie.
- Onthou dat jy nie geestelik gemeet word aan hoeveel jy weet nie!

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- PRAKTIESE LEEF VAN DIE EVANGELIE
- GROEI IN INSIG
- BOU GELOWIGE OP

**Skrifverwysings:** Rom 12:7; 1 Kor 12:28-29; Hand 18:24-28; 2 Tim 2:2.



# *Woord van Wysheid*

**Letterlike betekenis**: Om die waarheid prakties toe te pas.

**Beskrywing**: Die gawe van wysheid is die vermoë om geestelike waarhede so toe te pas dat dit aan bepaalde behoeftes binne bepaalde situasies voldoen.

**Kenmerke**: Mense met hierdie gawe:

- Fokus op die gevolge voordat besluit word watter verdere stappe geneem behoort te word.
- Verstaan gewoonlik goed wat nodig is om aan die liggaam van Christus se behoeftes te voldoen.
- Gee oplossings te midde van konflik en verwarring.
- Pas geestelike waarhede op praktiese maniere toe in spesifieke situasies.

**Karaktereienskappe**: Verstandig, insig, prakties, wys, regverdig, ervare, gesonde verstand.

**Waarskuwings**: Mense met hierdie gawe:

- Kan versuim om die kennis wat hulle van God ontvang het met ander te deel.
- Moet daarteen waak dat mense van hulle afhanklik raak en sodoende hul geloof in God laat verswak.
- Moet geduldig wees met ander mense wat nie oor dié gawe beskik nie.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- PLANNE
- INSIG
- BEPLANNING TOT OPLOSSINGS

**Skrifverwysings:** 1 Kor 12:8; Jak 3:13-18; 1 Kor 2:3-14; Jer 9:23-24.



## *Genesing*

**Letterlike betekenis**:  Om iemand onmiddellik te genees.
***Nota**:  Die woord wat hier gebruik word is in werklikheid in die meervoud "genesings" wat daarop dui dat verskillende vorme van gesondmaking moontlik is, (dit is emosioneel, geestelik, fisiek, ens.)*
**Beskrywing**:  Die gawe van gesondmaking is die vermoë om God se instrument te wees in die genesing van mense.
**Kenmerke**:  Mense met hierdie gawe:

- Demonstreer die krag van God.
- Bring herstel by siekes.
- Bekragtig 'n boodskap van God deur gesondmaking.
- Gebruik dit as 'n  geleentheid om Bybelse waarhede te kommunikeer en om daardeur God te verheerlik.
- Bid vir mense, raak hulle aan of sê woorde wat op wonderbaarlike wyse genesing bring.

**Karaktereienskappe**:  Barmhartig, vertrou op God, biddend, groot geloof, nederig, simpatiek, gehoorsaam.
**Waarskuwings**:  Mense met hierdie gawe:

- Moet altyd onthou dat dit nie hulle geloof of die geloof van die sieke is wat herstel bring nie, maar dat dit God is.
- Moet verstaan dat God nie beloof om elkeen te genees vir wie daar gebid word nie.
- Moet onthou dat Christus nie almal wat siek was gesond gemaak het terwyl Hy op aarde was nie.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- HEELHEID NA LIGGAAM, SIEL EN GEES
- HERSTEL
- GENESING

**Skrifverwysings:**  1 Kor 12:9, 28, 30;  Hand 3:1-16;  Mark 2:1-12.



## ***Wonderwerke***

**Letterlike betekenis**:  Om kragtige werke te doen.
**Beskrywing**:  Die gawe van wonderwerke is die vermoë om die bediening te versterk en ook die boodskappe van God te bekragtig deur wonderbaarlike ingryping tot sy eer.
**Kenmerke**:  Mense met hierdie gawe:

- Spreek God se waarhede wat bevestig word deur 'n wonderwerk.
- Spreek hulle vertroue uit in God se getrouheid en vermoë om Sy teenwoordigheid te manifesteer.
- Bring die boodskap van Christus met krag, erken dat God die wonderwerk laat gebeur en eer Hom daarvoor.
- Verteenwoordig Christus en deur die gawe bring hulle mense tot 'n verhouding met Christus.

**Karaktereienskappe**:  Moedig, ondernemend, godvresend, oortuigend, biddend, deelnemend.
**Waarskuwings**: Mense met hierdie gawe:

- Moet onthou dat wonderwerke nie noodwendig deur geloof bewerk word nie.
- Moenie hierdie gawe as 'n persoonlike verantwoordelikheid sien nie, maar onthou dat God die tyd en plek van Sy dade bepaal.
- Moet daarteen waak om God aan te roep vir Sy teenwoordigheid en krag vir selfsugtige redes.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- BEWUSTHEID VAN GOD SE ALMAG
- GELOOF

**Skrifverwysings:**  1 Kor 12:10, 28-29;  Joh 2:1-11;  Luk 5:1-11.




## ***Tale / Vreemde Tale of Klanke***

**Letterlike betekenis**: Vreemde tale / klanke.
**Beskrywing**: Die gawe om in tale te spreek is die vermoë om in 'n vreemde taal te praat en te bid. Mense met hierdie gawe mag soms spontaan boodskappe van God ontvang wat aan Sy liggaam bekend gemaak moet word deur die gawe van interpretasie.
**Kenmerke**: Mense met hierdie gawe:

- Maak deur middel van interpretasie dinge bekend aan die liggaam van Christus wat tot opbou van die kerk is.
- Praat in tale wat hulle nooit geleer het nie en nie verstaan nie.
- Aanbid God met woorde waarvan die betekenis nie deur die menslike verstand begryp kan word nie.
- Gebruik in binnekamer en persoonlike lofprysing, tot stigting van jouself.
- Ervaar 'n intimiteit met God wat hulle inspireer om ander te dien en op te bou.

**Karaktereienskappe**: Sensitief, biddend, deelnemend, betroubaar, toegewyd, spontaan, ontvanklik.
**Waarskuwings**: Mense met hierdie gawe:

- Behoort stil te bly in die kerk as daar nie 'n uitlêer teenwoordig is nie.
- Moenie van ander verwag om ook oor die gawe te beskik nie.
- Moet onthou dat alle gawes, insluitend die spreek in tale, daar is om tot seën en opbou van ander te wees.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- OPBOU VAN DIE GEMEENTE, ALLEENLIK SOU DIT MET DIE UITLEG VAN DIE TAAL GEPAARD GAAN.

**Skrifverwysings:** 1 Kor 12:10, 28-30, 13:1, 14:1-33; Hand 2:1-11.



## *Interpretasie / Uitleg*

**Letterlike betekenis**: Om te vertaal, te interpreteer.
**Beskrywing**: Die gawe van interpretasie is die vermoë om die boodskap van een wat in vreemde tale spreek se boodskap aan die liggaam van Christus bekend te maak.
**Kenmerke**: Mense met hierdie gawe:

- Reageer op ’n boodskap wat in tale gespreek word deur dit te interpreteer.
- Verheerlik God en demonstreer sy krag deur hierdie manifestasie.
- Dien tot opbou van die liggaam van Christus deur God se boodskap te interpreteer.
- Verstaan ’n taal wat hy/sy nooit geleer het nie en kommunikeer die boodskap aan die liggaam van Christus.
- Kan soms profeties optree wanneer ’n boodskap geïnterpreteer word.

**Karaktereienskappe**: Gehoorsaam, deelnemend, toegewyd, geestelik sensitief, oordeelkundig, wys.
**Waarskuwings**: Mense met hierdie gawe:

- Moet onthou dat die boodskap wat geïnterpreteer word, God se boodskap moet wees en nie ’n mens s’n nie.
- Moet onthou dat die gawe daar is om tot opbou van die gemeente te lei.
- Moet saam met ‘spreek in tale’ gebruik word met versigtigheid en op ordelike wyse.

**BYDRAE TOT DIE GEMEENTE**

- ‘N BOODSKAP VAN OPBOU AAN DIE GEMEENTE

**Skrifverwysings:** 1 Kor 12:10, 14:5, en 14:26-28.